Untitled Document

Die Magalies-Bronberg Grondeienaarsvereniging (MBGV) hou sy tweede jaarvergadering

Die MBGV tree as nie-politiese party in belang van sy lede in die volgende streek op: Bashev

Dié vereniging is ook ’n Alliansie (KWA) wat reed



Onopvallende A3-grootte kennisgewings dui dikwels op reuse ontwikkel

Munisipaliteit

Volgens voorsitter, Wolf Snyckers, probeer die MBGV ’n konstruktiewe samewerking met Kungwini Munisipaliteit opbou en maak gereeld gedetailleerde insetsels. MBGV het byvoorbeeld die 2009/2010 Ontwerp- IDP en Kungwini-begroting albei afgekeur weens ernstige gebreke.

“Die begroting is, onder andere ook oor ons insette, op die laaste nippertjie

heeltemal oorgedoen," sê Wolf. "Die nuwe en verhoogde eiendomsbelasting en diensfooie daarin bevat, is steeds nie vir ons aanvaarbaar nie en ons is besig om 'n verdere voorlegging oor die begroting en tariewe voor te berei. Die IDP in sy finale vorm is vir alle praktiese doeleindes identies aan die ontwerpdokument en moes dus weer afgekeur word."

Wolf sê dat daar belowende tekens is dat die nuwe top bestuur van Kungwini onder aanvoer van die waarnemende munisipale bestuurder, Nava Pillay, en die uitvoerende burgemeester, J Masango, deeglik bewus is van die munisipaliteit se probleme en soek na maniere om dinge te verbeter.

Probleme

"By twee onlangse vergaderings tussen Kungwini, KWA en MBGV is sake baie eerlik bespreek en gesamentlike werkgroepe word oorweeg om wedersydse probleme aan te spreek. Ons vertrou dat dit werklikheid sal word en dit sou dan as 'n skittervoorbeeld vir alle munisipaliteite kon dien tot voordeel van alle bewoners van die streek en die munisipaliteit," sê Wolf.

Die MBGV het ook voorstelle gemaak om Kungwini se gebrekkige wykskomitee-stelsel in ons kontrei weer spoedig aan die gang te kry. Grondeienaars word versoek om so 'n stelsel positief te ondersteun. "Dis wel maar net een van die moontlike kommunikasiekanale, maar 'n belangrike een waar grondeienaars effektief verteenwoordig behoort te wees vir hulle eie voordeel," sê Wolf.

Ontwikkeling

Daar is ongekende ontwikkeling in die Kungwini-wes gebied en die onopvallende A3-grootte kennisgewings wat op hekke en heinings aangebring word, dui dikwels op reuse projekte wat beplan word. Die MBGV probeer om as belanghebbende party by alle ontwikkelings te registreer en tree, waar nodig, formeel as beswaarmaker op om 'n invloed op ontwikkelingsbesluite te kan hê. Om betyds oor ontwikkelings ingelig te word, gebruik die MBGV 'n spesiale rekenaar soekprogram.

"Vir ons gaan dit minder om die aard van ontwikkeling, maar meer dat aspekte soos grondwatergebruik, besoedeling van watter aard ook al, verkeer, paaie, veiligheid en sekuriteitsaspekte in die wyer omgewing aangespreek word om 'n moontlike negatiewe impak op die omgewing so klein as moontlik te hou," sê Wolf.

"Ons laaste insetsel was oor die voorgenome ontwikkeling van 'n beplande aftree-oord op Plot 175, Tiegerpoort 371-JR, waar ons beswaar gemaak het oor moontlike probleme met die watervoorsiening."

Tribunaal

As MBGV voorsitter het Wolf al deelgeneem aan Tribunaalverhore soos die Zwartkoppies-ontwikkeling rondom Sammy Marks en die N4 industriële ontwikkeling by die Boschkop-Donkerhoek N4 afrit. Wolf sê dat die ontwikkelaars van die

N4 Industriële Park oplossings gebied het vir die besware wat die MBGV tydens die Tribunaalverhoor geopper het. Dié oplossings is konstruktief en wedersyds bevredigend in hulle stigtingsvoorwaardes en omgewingsbestuursplan ingebou.

Die MBGV is geregistreer as belanghebbende party in ontwikkelings soos Innoland, Helicopter City, plotte 50, 75 en 129 van die plaas Donkerhoek, die Sasol pyplyn, die verbreding van Hans Strijdomrylaan en die ou Bronkhorstspruitpad, en die residensiële ontwikkeling op plot 66 en 67 in Pienaarspoort.

Die Magalies-Bronberg Grondeienaarsvereniging se komitee. Staande van links na regs is voorsitter, Wolf Snyckers, Piet Steyn en Mike Strange. Voor sit Wilfried Herzberg en Renell van Staden, ondervoorsitter.

Mynbou

Hoewe-eienaars in Rhenosterspoort, Rietfontein en Kleinfontein het onlangs kennisgewings van voorgenome prospektering deur mynboumaatskappye ontvang. Die MBGV moedig dié grondeienaars aan om nie die kennisgewings te ignoreer nie.

“As mense nie reageer nie, word dit as aanvaarding gesien,” sê Wolf. “Laat weet ons asseblief as jy so ’n kennisgewing ontvang.

Ons sal jou probeer help in samewerking met die Groter Oostelike Magaliesberg Bewaringsvereniging (Gemca).” Vir meer inligting oor Gemca, besoek www.gemca.co.za of skakel 011-748- 2800.

Vergadering

Alle Bronbergers is welkom om die MBGV se jaarvergadering op 17 September by te woon. Net lede het egter stemreg om die nuwe komitee te kies. Lidmaatskap is slegs R40 per maand.

“Ons soek nie net nuwe lede vir die vereniging nie, maar ook persone wat bereid is om op die komitee te dien. Hier is veral mense met regs-, ontwikkelings- en finansiële kennis nodig,” sê Wolf.

Nominasies is by die komitee beskikbaar en moet die MBGV voor 9 September bereik. Vir meer inligting, bel vir Wolf Snyckers by 082-373-2202 of 012-804-2392 of besoek www.mbpanet.com.